



## Resensies/Reviews

- Foster, Ronel & Viljoen, Louise (*samest.*) 1997. *Poskaarte – Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad : Tafelberg. Prys: R69,95.  
(Resensent: *Heilna du Plooy*) 111
- Du Plooy, Heilna. 1997. *Die donker is nooit leeg nie*. Kaapstad : Tafelberg.  
(Resensent: *T.T. Cloete*) 117
- De Vries, A. & Weideman, G. (*samest.*) 1997. *Nuwe stemme 1*. Kaapstad : Tafelberg. Prys: R54,95.  
(Resensent: *Heilna du Plooy*) 123
- Carstens, W.A.M. 1997. *Afrikaanse Tekslinguistiek: 'n Inleiding*. Pretoria : Van Schaik 547 p. Prys: R89,00.  
ISBN 0-627-02276-6.  
(Resensent: *G.J. van Jaarsveld*) 127
- Stotesbury, J.A. 1996. *Apartheid, liberalism and romance: A critical investigation of the writing of Joy Packer*. Uppsala, Sweden : Swedish Science Press. 547 p.  
(Resensent: *A.L. Combrink*) 131





## Poskaarte – Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960

Foster, Ronel & Viljoen. Louise (*samest.*) 1997. *Poskaarte – Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad : Tafelberg. Prys: R69,95.

Die bespreking van 'n versameling Afrikaanse gedigte wat verteenwoordigend van 'n tydperk moet wees, kan tot eindelose redenasies lei. Ek wil my in hierdie resensie bepaal tot die basiese verantwoording vir die aard en struktuur van die samestelling en tot die praktiese waarde van die bundel *Poskaarte*, saamgestel deur Ronel Foster en Louise Viljoen.

Dat die postmodernisme met ons is, kan deur niemand meer ontken word nie. Trouens, die postmodernisme is al veel langer met ons as wat ons gedink het. Die sterkste eienskap van die postmodernisme is egter die aanvaarding van meervoudigheid op alle terreine wat logies ook die meervoudigheid van sieninge oor hoe die postmodernisme daar uitsien en wat die werklike parameters daarvan is, insluit. Die uiteenlopende sieninge van die postmodernisme kom reeds na vore in die beskouing van die oorgange tussen modernisme en postmodernisme. Sommige teoretici beskryf twee duidelik onderskeibare strominge, ander glo dat die oorgang haas ongemerk plaasgevind het, terwyl nog 'n ander groep aanvaar dat die postmodernisme die noodwendige voortsetting en afloop is van die modernisme. 'n Mens sou selfs kon dink dat die postmodernisme van die begin af inherent deel was van die filosofiese onderbou van die literêre stroming wat ons as modernisme leer ken het kort na die vorige eeuwending.

Vir die deursneemens is die postmodernisme ook nie meer vreemd nie. Heel eenvoudig gestel, beteken dit dat mense in die praktyk van die lewe aanvaar dat daar nie net een manier is om na 'n saak te kyk nie. As hierdie opvatting so algemeen is in die gemeenskap, beteken dit dat die wetenskaplike besinning oor die onderwerp reeds deurgewerk het na die breë lae van die publiek – dit wat hulle lankal onnadenkend ervaar, het nou 'n naam en 'n benoembare identiteit verkry: die saak en die implikasies daarvan het gemeengoed geword.

In die literatuurstudie is die postmodernisme 'n toonaangewende rigting omdat daar oor die afgelope paar dekades in literêre tekste sowel as in die teorie daarmee gewerk en daaroor besin is. Soos baie karakters in twintigste-eeuse romans, aanvaar die leser tans ook dat daar geen eenheidsbeeld uit die werklikheid af te lei is nie. Ons weet en aanvaar dat skrywers nie in 'n samehangende wêreld leef nie en dat lesers nie met absolute konsensus lees nie. Dit is dus vanselfsprekend dat hierdie opvattinge ook in die samestelling van poësiebundels gereflekteer sal word.

*Poskaarte* is 'n uitgesproke postmodernistiese bundel. Dit beteken nie dat al die gedigte in die bundel postmodernisties is nie, maar dat die wetenskapsbeskouing op grond waarvan die samestelling gemaak is, postmodernisties is. Die bundel wil dus nie 'n groepering van buite op die versameling afdwing nie, wil trouens nie eers die (steeds veranderende en ontwikkelende) oeuvres van digters as uitgangspunt neem nie, maar weerspieël die gang van die Afrikaanse poësie soos wat dit van jaar tot jaar in bundels manifesteer. Wat daardeur gereflekteer word, kan en moet deur ondersoekers bestudeer en beredeneer word.

Die beskouing ten grondslag van die bundel stem ooreen met die beskouing wat tans ook in die literêre geskiedskrywing gevolg word. Daar is nie meer een werk wat *die* literatuurgeskiedenis is nie; daar is verskeie geskiednisse, aangesien daar aanvaar word dat elke insig en visie 'n deelinsig of deelvisie is, dat elke feit multi-interpretabel is en dat 'n geheelbeeld eintlik onmoontlik is. Vandaar die verskyning van 'n boek soos *Nederlandse literatuur, een geskiedenis* onder hoofredakteurskap van M.A. Schenkeveld-Van der Dussen. Hierdie boek bevat baie interessante en ongewone inligting, maar jy soek daar tevergeefs na die basiese gegewens van 'n skrywer se lewe, soos sy geboortedatum en die omvang en totale inhoud van sy oeuvre. Dié boek moet dus gebruik word saam met ander literatuurgeskiednisse soos die beproefde Knuvelder, Ton Anbeek se weergawe van die (Noord-) Nederlandse literatuur en vele ander.

En *Poskaarte* moet myns insiens ook so gesien word – dit is 'n verdere bundel verse, 'n verdere samestelling met 'n bepaalde struktuur en ordening. Dit kan en moet gebruik word saam met ander bundels, vanselfsprekend saam met die volledige bundels van digters wie se oeuvres uitvoeriger gelees of bestudeer wil word, saam met ander deelsamestellings soos byvoorbeeld *Groen* van Johan Lodewyk Marais, *Bloeytyd* van Johann Johl en Rika Cilliers, *Liggaamlose taal* van Koos Human, *S.A. in Poësie/S.A. in Poetry* en natuurlik saam met die *Groot Verseboek* wat steeds 'n omvattende beeld gee van die ouer Afrikaanse poësie. Die boek pretendeer onder geen omstandighede om die een en al van versamelbundels te wees nie en in die “Verantwoording” word die aanpak en aard van die samestelling so gemotiveer. Die oop boodskap van 'n poskaart is die metafoer waarop die titel berus en die vrye chronologiese aanbod skram dus

doelbewus weg van 'n strukturering wat een of ander manipulasie van inligting sou suggereer.

Die historiese afbakening vanaf sestig word verduidelik en daar word eksplisiet gesê dat die gevarieerde beeld van die Afrikaanse poësie voorkeur kry bo 'n bloemlesing in die tradisionele sin wat juis op die mooiste of beste verse ingestel is. Dit is trouens in die bepaling van wat die mooiste en beste is wat samestellers se vooronderstellinge dikwels 'n manipulerende rol speel. Hier word die moontlikheid van gesprek met gedigte en tussen gedigte aangemoedig omdat alles wat in 'n jaar verskyn het, oorweeg is vir opname. Natuurlik moes daar steeds keuses gemaak word en sal 'n mens steeds kan aantoon dat bepaalde keuses bepaalde voorkeure en vooronderstellinge openbaar (die samestellers gee dit self toe) – maar die intensie om – postmodernisties – die vrye gang van tyd en opvattinge te weerspieël, is tog in 'n groot mate bereik.

Die bundel word so self 'n vorm van literatuurgeskiedskrywing en wel op twee maniere. Enersyds gee dit 'n beeld van die geskiedenis in die dokumentering van die verse wat op bepaalde tye geskryf en gepubliseer is. Dit gee 'n beeld van die verlede deur sekere verse te selekteer en te bewaar. Andersyds is dit ook 'n tydsdokument van die hede, wat aantoon hoe daar op die huidige tydstip na die verlede gekyk word. Die keuses en die struktuur van die bundel reflekteer nie net die inhoud wat in die bundel opgeneem is nie, maar ook die tydgenootlike beskouing op grond waarvan keuses gemaak en struktuur bepaal is.

Die inleiding oor tendense in die Afrikaanse poësie wat die laaste deel van die verantwoording uitmaak, is inderwaarheid 'n uiteensetting van die prominentste eienskappe van die postmodernisme. Hier sou 'n mens wel kon vra of daar nie indirek gesuggereer word dat die poësie sedert sestig hoofsaaklik postmodernisties is nie, en indien dit wel die indruk is wat geskep word, sou daar gevra moes word of ander subtieler tendense nie dan in hierdie klempasing verdwyn nie. Met die postmodernistiese indeling self, die weerspieëling van die uiteenlopende verskynsels van elke jaar en elke dekade vind ek nie fout nie, maar met die implisiete suggestie dat die meeste poësie na sestig postmodernisties is, sou 'n mens wel in gesprek kon tree. Heelwat verse van sestig en sewentig is steeds sinsoekend en wentel wel rondom bepaalde idees en beginsels wat nie as postmodernisties beskryf sou kon word nie. Aan die ander kant moet 'n mens juis uit die postmodernistiese kookpot leer dat ander nuwe tendense op enige onaangekondigde tydstip kan begin ontwikkel en manifesteer. Om te sterk klem op die postmodernisme te plaas kan die oë verblind vir ander (nuwe of herlewende ouer) tendense wat sigbaar word – iets wat nogal waarskynlik is aangesien daar deur verskeie teoretici tans aangedui word dat die postmodernisme die voorspel of oorgang is tot iets anders, dat die eindelose verplasing en uitstel van betekenis as't ware 'n soort betekenis-honger by mense

bewerkstellig, dat die oneindige variasie 'n behoefte aan sekuriteit skep, 'n sekuriteit wat nie bereik kan word nie, maar wat wel in die vorm van verlange of uitreik of strewe merkbaar kan word.

Oor die praktiese waarde van die bundel het ek geen twyfel nie. Vir studente het 'n mens hier 'n verteenwoordigende bundel van die afgelope dertig jaar, 'n tydperk wat deur groot sosiale en ekonomiese polarisasie gekenmerk is en 'n tydperk waarin verskillende soorte poëtikale opvattinge digters en skrywers geïnspireer het. Hierdie variasie word deeglik in die bundel verreken. Dit is wel so dat daar 'n soort bontheid na vore kom as 'n mens bladsy vir bladsy sou lees. Afgesien daarvan dat so 'n bontheid inderdaad tipies van hierdie periode was, is dit ook so dat 'n mens selde so 'n dik bundel sistematies van A-Z, in daardie volgorde deurlees. Die wins van dié soort samestelling en ordening is dat dit by uitstek geskik is om tydperke te tipeer, om te kan sien wat in bepaalde periodes gebeur het. Dit is wonderlik om Elisabeth Eybers by 1994 aan te tref, om S.J. Pretorius en Ernst van Heerden tussen jonger digters te vind en dit bring 'n mens by die feit dat daar in Afrikaans digters is wat merkwaardig is óók omdat hulle vir lang tydperke (tot meer as sestig jaar lank) bly skryf.

Die spektrum van gedigte wat gedek word, is belangrik. Jonger en ouer digters staan langs mekaar, die werk van professionele digters verskyn saam met werk van mense wat minder maar ook relevante of selfs baie goeie verse geskryf het. Die opname van gedigte uit werkswinkelprojekte weerspieël nie net die inhoud en aard en belang van die gedigte self nie, maar ook die belangrike historiese feit dat die werksinkels plaasgevind het en indirek ook die rede en doel daarvoor. Hierdie sosio-politieke agtergronde vorm 'n belangrike deel binne die literêre konteks sedert sestig en moet verreken word omdat literatuur nooit in 'n vakuum ontstaan of bestaan nie.

Dit is verder asof die gedigte wat uit verskillende dele van die Suid-Afrikaanse gemeenskap kom, met mekaar in gesprek tree en op dié wyse kom daar interessante inligting na vore. 'n Mens sou die proses van uiteenbeweeg en die naderbeweeg oor dertig jaar kon nagaan en kyk hoe dié bewegings korreleer met die sosio-politieke atmosfeer. So kan daar ook verskillende ander sosio-literêre verskynsels bestudeer word. Hierdie bundel gee 'n indruk van die gevoelens en gedagte-wêreld van 'n breë taalgemeenskap en is as sodanig meer gemeenskapsgerig as wat dit gemoeid is met die tradisionele "belletrie". Dit is ook gepas aangesien die hele literêre tradisie in die laaste helfte van die twintigste eeu uit die ivoortoring uitbeweeg het in die rigting van die gemeenskap, na die vlak en lewe tussen gewone mense. En dit kan net goed wees, want is die poësie 'n verhewe gesprek tussen ingewydes of is dit die taal in sy rykste en sprekendste vorm? Eddy van Vliet noem in sy essay *Poëzie – een pleidooi* dat die beste poësie geskryf is in die tradisie van die volkstaal, dat die konkrete aard van die

poësie sy natuurlike medium vind juis in die taal van die gewone mens wat verwonderd staan voor die werklikheid en daardie verwondering, van watter aard ook al, in beeldryke taal verwoord.

Vir die student van die literatuur is dit tans belangriker om die letterkunde te sien as deel van die breë kultuurlewe van die gemeenskap as wat dit van hom verwag word om tegniese analyses te maak. Hierdie breër benadering in die onderrig van die literatuur word deur 'n publikasie soos *Poskaarte* vergemaklik terwyl die moontlikheid van die ontleding van tegnieke glad nie uitgesluit word nie. Miskien kan dit juis 'n interessante studie word om te kyk in hoe 'n mate digters hul eie styl bewaar en hoe hulle saam met die ritmes van 'n tydperk ontwikkel. 'n Ander aspek is ook dat dit soms uitputtend is om 'n hele bundel van een digter deur te lees, om heeltemal in 'n enkele psige vas te val. Die groter variasie en die kontraste van 'n bundel soos hierdie sal vir gewone lesers dalk lekkerder wees aangesien daar iets vir elkeen se smaak is.

Ek wens hierdie bundel 'n goeie en uitgebreide mark toe!

**Heilna du Plooy**  
**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**







## Om te laat opgaan in die grenslose Die debuutbundel van Heilna du Plooy<sup>1</sup>

Du Plooy, Heilna. 1997. *Die donker is nooit leeg nie*. Kaapstad :  
Tafelberg.

*Die donker is nooit leeg nie* is 'n bundel waarin verskeie onderskeie dinge in mekaar ingebou is, van mekaar deel word, in baie gevalle van klein na groot, en dikwels is dit twee teenoorgesteldes wat saamgaan. Party van hierdie onderskeie dinge word deur die digter self "teëpartye" genoem.

Die individu, byvoorbeeld, gaan op in die algemeen-menslike, of in die land, die land gaan op in die kontinent, en laasgenoemde gaan weer op in die kosmos.

- **Beweeglikheid en groei**

Die onderskeie dinge, die teenoorgesteldes of die pare waarvan ek praat, staan nie in 'n statiese verhouding tot mekaar nie maar juis in 'n dinamiese, hulle is 'n "tegelyk" ("donkerblom"), hulle vorm saam 'n beweeglike "kronkelrank". Ek hoop dat dit duidelik sal word in die reisgedigte wat hieronder ter sprake gaan kom, in die versitgedigte of die omloopgedigte, as ek 'n beeld uit een van die verse mag kies. Die motief van die beweeglike en groei kom byvoorbeeld uit in die gedig "Skulp", veral in die slotstrofe:

rondom die stewige kern  
groei – steeds fyner gefokus  
om die sentrale pilaar –  
in een golwende lyn 'n gang  
vir 'n lewe in ewewig.

<sup>1</sup> Geleentheidswoord deur prof. T.T. Cloete by die bekendstelling van Heilna du Plooy se digbundel *Die donker is nooit leeg nie* op Potchefstroom, 13 Januarie 1998.

• **Die koppeling van ongelykhede**

Geen wonder nie dat ons 'n titel met 'n paradoks teenkom – 'n titel soos “geliefde teëparty”, 'n teëparty, maar wat omgaan met die ander party in die diepste soort verbintenis wat ons as mense ken: in liefde. As 'n mens na die (soms vermomde) liefdesgedigte kyk, dan is dit treffend hoe Heilna du Plooy die beer (“Nabyheid”) beskryf as wreed en geweldig en tegelyk “oneindig sag” in die vervulling van die oerdaad van paring, inderdaad koppeling, nie net van twee diere nie maar van twee skerp onderskeie eienskappe. As ek die woord “paring” dan mag toepas op wat ek wil duidelik maak, wil ek sê: in hierdie gedigte gaan die wrede gepaard met die tere – die teëparty, in hulle groot verskeidenheid in die bundel, gaan bowendien handelend gepaard met mekaar, en soos in die paringsdaad van die bere gaan hulle kreatief gepaard:

dan is die geweldige dier  
aangrypend teer  
en sonder verweer,

Om hierdie paring van dikwels ongelyke of teendelige pare duidelik te probeer maak, kan ons kyk na die hooffiguur in die gedigte. Daar is 'n duidelik geprofileerde “ek”, 'n verganklike “ek”, soos alles om die “ek” heen verbygaan – 'n individu dus, en juis 'n geringe, nie 'n oorskatte een nie, want hierdie individu gaan op in die groot menslikheid – wat ook maar weer 'n koppeling is, deur die ironie van die menslike sterflikheid.

Ek het probeer aandui hoe die enkele of geringe opgaan in die grotere, maar soos dikwels in hierdie gedigte, is die omgekeerde proses ook aan die gang: uit die groot ongemerkte tyd en ruimte kom die gemerkte, geprofileerde ek na vore (“Merke”):

En tog,  
in tyd en ruimte ongemerk  
is my merke ek.

• **Die oplos van die enkelvoudige in die meervoudige**

Die oplos van die ek in die omgewing geskied soms onopvallend, gekamoepeer, soos in “beskerming”, deur twee natuurbeelde, waar die gekamoepeerde patrys en slang deel word van hulle omgewing, van gras en boomtak:

die strepies swart in ligte bruin  
op die vlerk van die patrys  
smelt saam met wintergras en gruis

die slang lê liggevlak  
soos son deur somber blare  
deel van die tak

Dit is veral die natuurgedigte wat skuilvorme bied en wat verbeeld hoe die enkelvoudige opgaan in die meervoudige, hoe die individuele deel word van die groot geheel (“Rivier”):

daar teen die helling se skurwe wang  
dans die jong druppels saam

en die druppels word rivier en die rivier gaan weer op in iets groters:

uiteindelik suiwer geamalgameer  
in die see van gesoute individualiteit.

• **Tyd en ruimte – opgeneem in verskeie groothede**

Die digter is baie skerp bewus van die tyd en ruimte. Dié twee konsepte kom deurgaans in die gedigte voor, maar die hier en nou word, sóos en saam met die individu of individuele, opgeneem in verskeie groothede daaromheen.

Een van hierdie groothede kom veral ter sprake in die gedigte van die tweede afdeling, naamlik die land waarin die digter gebore is en waaraan sy “behoort” (dit is die digter se woord; vergelyk “Tuiskoms”, maar ook “Bevroe transkripsie”). Van die mooiste gedigte het voortgekom uit hierdie behoort van ’n individu aan die grootheid van die land. Lees “Wintervloekpsalm”, ’n gedig oor die hardheid van die land, tot in sy harde lig, maar dit is die digter se land, en teenoor hierdie hardheid staan weer ’n ander eienskap wat ’n nuwe tweeheid laat ontstaan: die soberheid en die onversierdheid van hierdie harde land (“Tuiskoms”) – en hierdie soberheid en onversierdheid is attribute wat op hierdie gedigte self van toepassing is. Die eienskappe van die land behoort aan die gedigte self. Die merkwaardige is dat hierdie land van hardheid sober gedigte gevorm het wat vol dierbare klein details is, van plante, diere en so meer – lees gerus “Reis”, onder meer, met dinge van die land wat “verruk” en wat daartoe bydra dat die digter hierdie land lief het ten spyte van sy klimaat, sy natuur, sy geskiedenis.

Soos die koppeling van ongelykhede in die geval van die twee bere kreatief is, is ook die paring van digter en land kreatief: dit loop op lieflike gedigte uit. Wat ’n vreemde mooi paring. Dit is ook die hardheid van haar land wat die digter laat verlang in haar “Kanttekening” na die teenoorgestelde –

na ’n sagter milder plek  
waar dinge en gedagtes  
losser en vriendeliker hang  
en na ’n stiller ... lewe.

Dit is die digter se land wat haar gevorm het tot wat sy is, maar wat haar tog ook weer prysgee aan 'n groter non-self, wat haar uit die *hic et nunc* uit laat loop oor grense heen, "deur 'n groot onbegrensde gebied" ("Tintinnabulasie").

Op sy beurt vorm hierdie land 'n teengestelde maar tegelyk weer geïntegreerde deel van die groter Afrikakontinent, of die land word teen die kontinent gesien ("Tuiskoms"), en die land gaan trouens 'n verbintenis aan met 'n nog groter ruimte agter die hier, naamlik Nederland in Europa, wat ook 'n sagter land vir die digter is. Ook in "Kerk" word sy teruggelei "ver terug in 'n land van herkoms".

• **Die opgaan van die individu en omwêreld in die kosmos**

Op hierdie manier van integrasie van die ek, die hier, die nou en die land met groothede daaromheen, kry die gedigte dimensie, en uiteindelik staan die individu en haar ganse wêreld binne die kosmos. Dink aan "die lig wat deur die hele kosmos skyn" ("1917 ...") en wat op haar as enkeling afskyn.

Ons moet kyk hoe hierdie individu telkens in die ruimte en tyd versit. In so 'n versitgedig, "Verslag van 'n wandeling", lees ons van die diep verbintenis van die tans en die tóé:

en diep uit haar kom beelde op  
wat nou met lankal terug verbind ...  
Maar sy moet nou weer verder loop  
'n nuwe tuiste vind – êrens of ooit.

Ons het hier nie gedigte van 'n eenrigtingverkeer nie, soos al moes geblyk het: die verbindingslyne loop nie alleen van die enkeling wat in 'n bepaalde plek en tyd gesitueer is na die afgeleëne nie maar dit loop ook die omgekeerde weg, dit loop uit die grootse of oneindige "terug" na die enkeling toe, soos in "Impressies", waarin hierdie heen en weer baie duidelik is, as die son as grootheid die geringe voorwerpe in hom opneem:

en in dié groenste middag laat  
gryp hierdie diep en oorryp son  
neonflitse uit elke blaar en blom

maar daar word omgekeerd binne die groot herfsdag op wonderlike klein besonderhede gekonsentreer:

klein lampe van gekonsentreerde kleur:  
knooppunte in 'n dikwels eindelose dag ...

In "Luister ver weg" (luister al na die titel) word die "hier" van vers een teen die einde verbind met "die grenslose sfeer", met "die omloop van lewende lug", maar tog word omgekeerd weer iets uit die verte op die individu gerig:

die smal onsigbare strook lug  
 is van iewers af op my gerig,  
 verlenging van iets groot en ver  
 wat 'n vinger veerlig op my lê.

Dit is baie delikaat gesê. Die enkelvoudige staan op soveel mooi plekke verbind met dit wat in tyd en ruimte afgeleë is, dat dit moeilik is om party daarvan oor te slaan. Ek dink byvoorbeeld ook aan “Afskeidsiklus”:

ek voel die lig hier teen my oë  
 onmiskenaar koel:  
 ek sien die lig hier om my  
 kom van verskriklik ver af aangespoel.

en dan word die proses weer eens omgekeer:

En als word ver  
 en ek is afgeleë  
 met sout wat in my mondhoek dam.

Ons sit hier weer met 'n stuk harde ironie, in die sout wat met die oplossing gepaard gaan. Wel, as u “Die mot” gaan lees, 'n merkwaardige gedig, sal u sien

Die mot is klein  
 en kan verdwaal  
 in wat te groot is.

#### • Voortdurende omkering

Ja, dit ook. Dit is hierdie voortdurende omkering in die gedigte wat saam met hulle delikate ritme stuwings aan die verse gee en wat hulle onderling laat saamstroom in een groot eb en vloed. Terug na “Afskeidsiklus” van hierbo: as ons dan verder in die gedig lees, word dit weer eens duidelik dat hierdie verbinding van die ek en die ander, van die hier en die daar, van die nou en netnou 'n dinamiese beweging is, en dat die verbindingslyne weer eens nie net van hier na daar en van nou na so ewe loop nie maar ook omgekeerd beweeg, ook vorentoe loop, die toekoms in:

ons (beweeg) steeds die groter onbekende in  
 ons (gaan) voortdurend vreemd bedelings binne ...

#### • Lig en donker: teengesteldes én vermenging

'n Baie belangrike “teëparty” kom reeds in die bundeltitel ter sprake, naamlik die lig en die donker, egter ook weer nie net as teengesteldes nie maar as 'n vermenging, 'n *chiaroscuro*, 'n *clair-obscur*. Lig en donker skyn deur mekaar. Die gevoelige digter (vgl. “Teenval”) moet

dwarsdeur die donker gaan  
om óór die vrees te kom (“Ligte lag”)

en om by die lig uit te kom. Die titelgedig (“Chiaroscuro”) sê:

jy moet déúr die donker kyk  
vir die dwaallig se geheim.

• **Saamdink oor en saamvoel met teenoorstaande sake**

’n Gedig wat ’n merkwaardige saamdink en saamvoel van twee teenoorstaande sake is, is “Mahler se vierde”. Mahler het naamlik sy vierde simfonie gekomponeer in die tyd toe die Anglo-Boereoorlog geduur het. Wat ’n geweldige kontras het ons nie hier nie! Musiek van Mahler in dieselfde tyd toe geweeskote in ons land geknal het. Dieselfde tyd, maar in twee ruimtes, met twee gans verskillende resultate. Tog weer, die twee teengesteldes word versoen en Mahler se simfonie laat “ontploff in my brein / ’n blom”.

Watter pragtige stuk ironie weer. Om hierdie tegelykhede van ongelykhede en hulle saamhang op te som: die bundel vat homself (of is dit haarself?) saam in die titelgedig (“Chiaroscuro”):

Uiteindelik is dit die diepste donkerte  
wat alles met mekaar laat saamhang  
in ’n mistieke spel van duisternis en lig.

En dan is daar ten slotte die slotgedig wat ook weer alles saamvat van hierdie merkwaardige ryp debuut met sy merkwaardige laat opgaan van die besondere, van watter aard ook al, in die grenslose en die vasknoop van besonderhede binne die grootse:

die lug is grensloos ruim in blou en grys  
die water durend wyd

ek loop hier in ’n landskap sonder raam  
en in die terugspoel op die spieëlmat sand  
loop die late wolke hemelend saam

Ek het maar iets probeer duidelik maak van hierdie besondere gedigte. Mag die enkele bundel self opgaan in die groter Afrikaanse literatuur.

**T.T. Cloete**  
**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**



## Nuwe stemme 1

De Vries, A. & Weideman, G. (*samest.*) 1997. *Nuwe stemme 1*.  
Kaapstad : Tafelberg. Prys: R54,95.

Dit is deesdae moeiliker vir uitgewers om digbundels van jong of debuterende digters te publiseer as 'n dekade of twee gelede. Die druk van finansies en die beperkte mark moet deur die verstandige uitgewer in ag geneem word, want hy is ook 'n sakeman. Hy moet immers die uitgewery as 'n besigheid beskerm anders gaan geen enkele boek meer die lig sien nie.

Al is hierdie toedrag van sake te begrype, is dit nogtans 'n groot jammerte, want sedert die aanvang van die negentigerjare is die stroompie poësiebundels werklik dun. En dit terwyl 'n mens se aanvoeling vir jou sê dat in tye van groot en ingrypende veranderinge die poësie dalk juis die medium of genre is wat die vlugtigheid van die werklikheid kan gryp. Omdat poësie konkreet is, omdat die metafoor, die talige beeld 'n nuwe assosiasie kan skep, kan daar via die poësie nuwe bane vir die denke ontstaan.

Hoe sal ons later weet hoe die digters in 'n bepaalde periode gedink het en hoe hulle werk gelyk het, as hulle wel skryf, maar nie gepubliseer word nie? En bly daar nie dan 'n deel van die belewenis van 'n era ongesê nie?

Daarom is die verskyning van hierdie saamgestelde bundel met werk van digters wat nog nie voorheen op hul eie gepubliseer het nie, iets waaroor 'n mens baie bly is. Die deurlees van die bundel was net 'n verdere vreugde.

Daar is elf digters se werk verteenwoordig in die bundel en elkeen verdien die ruimte wat aan sy/haar verse afgestaan is. In die algemeen wil ek sê dat die verse in die bundel 'n wye verskeidenheid vertoon waaruit afgelei kan word dat Afrikaans springlewendig is in verskeie gedaantes en variasies en dat mense die veranderende wêreld met kreatiwiteit benader en hanteer.

'n Mens behoort meer spesifiek en in detail oor elkeen van die digters se werk te skryf, maar binne die ruimte van 'n resensie kan 'n mens natuurlik nie aan alles

vattend gestel, oor Afrika en wel oor verskeie aspekte van die land. Die baie mooi gedig “Soektog van die eenhoorn” beskryf die eensame soektog van die eenhoorn in die “skone, leë land” waar sterk mense op oorlewing en avontuur ingestel is. Die mitologiese dier se soektog na ’n “koel tuin”, na ’n “ledige hand” om sy “bestaan te noteer” is in dié harde land vrugtelos. Daar is vir hom geen tuiste nie:

Traag het hy ten laaste weggedraai,  
dwalend na die somber berge geswerf  
en teen die donker grotmure  
sy maer silhoeët laat sterf.

Tilla Diedericks se gedigte handel hoofsaaklik oor die vrou, die huisvrou en die moderne vrou in die dilemmas en dramas van elke dag, waar frustrasie, roetine en innigheid vreemd naby mekaar kan lê. Susan Smith se werk sluit tematies hierby aan en in die gedigte kom ’n beeld van die ervaringe van die hedendaagse wit vrou in Afrika na vore. Daarteenoor skryf Henk Havenga oor die moderne professionele man se lewe en ontspanning.

Tom Dreyer se verse het my werklik beïndruk vanweë die vermoë om inhoudelik ’n verrassende wending te bewerkstellig sonder om aan verstegniek in te boet, veral soos in “Klein gebeurtenis” en “Dans van die verkleurman”:

Tot die môre kom;  
dan is ek weer krom,  
pootseer en styf,  
gespikkelde oumanslyf.

Marthi Louwrens se verse is kort, direk in segging en verkry so ’n besondere aantreklikheid:

**fisio**

hoe goed verstaan ek nou  
nou dat jy weg is

die halwe mens  
se spooksensasie

van afgesette  
voet of been

Die stryd van die lewe vir die werklose, die werkers in die oorvol treine en taxi’s, oorlewing vir diegene wat deur vreemdelinge van werkgeleenthede ontnem word – dit is die onderwerpe vir Magmoed Martin se verse. Hierdie verse is in Kaapse Afrikaans en beeld die sosiale en politieke werklikhede van die verlede en die hede skynbaar ongekompliseerd uit. In werklikheid gaan dit hier om die slim



gebruik van onderbeklemtoning wat sowel die taal as die toonaard betref. Vernie Plaatjies se gedigte sluit gedeeltelik tematies aan by dié van Martin, maar van hom is ook liefdesgedigte ingesluit.

Hannatjie Schreck se gedigte onder die titel “dors” is sterk verse, liefdesgedigte waarin religieuse metaforiek gebruik word. Die liefde tussen vroue is ’n soort nagmaalsviering, ’n wyding, ’n absolusie maar die religieuse groei in die laaste verse sterker uit.

Pieter Strauss se siklus verse het ’n historiese inslag en die geskiedenis van Hendrik Witbooi en Jonker Afrikaner word die agtergrond vir die dilemma van die dienspligstelsel in die moderne Suid-Afrika. Reeds in die verse wat direk oor die historiese gebeure en figure handel, word kommentaar gelewer, maar die hoogtepunt van die kritiek lê in die slotstrofe van die gedig “dienspligtig”, ’n gedig waarin die emosies en ervarings van die dienspligtige metafories ineenvloei met die geluide van die wilde voëls van die Afrikalandskap:

ek fluister: amok, amoreel, amnestie internasionaal  
maar die wagwoord, amnesia, skor janfiskaal

Die bundel sluit met verse van Kirby van der Merwe wat die voorstedelike lewe uitbeeld in die items van ’n huis of die meubels wat die liefde omring, maar die teebeeld is ook daar: in die veroudering van geliefdes en die geweld van die land.

Vanselfsprekend is al die gedigte in die bundel nie ewe goed nie. Hier en daar kan ’n mens sien dat die digters nog kan werk aan die verse en dat daar tegniese en inhoudelike groei kan word. Nogtans is dit ’n lekker bundel, wat in die verskeidenheid van temas en style vir verskillende soorte lesers almal iets bied. ’n Mens sien uit na die res van die reeks publikasies.

**Heilna du Plooy**  
**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**





## Afrikaanse Tekslinguistiek: 'n Inleiding

Carstens, W.A.M. 1997. *Afrikaanse Tekslinguistiek: 'n Inleiding*. Pretoria : Van Schaik. 547 p. Prys: R89.00. ISBN 0-627-02276-6.

As 'n mens by 'n kongres of 'n samekoms van taalkundiges in Suid-Afrika sou vra wat die verskil is tussen *tekslinguistiek* en *teksgrammatika*; *kohesie* en *koherenisie*; *gespreksanalise* en *diskoersanalise* dan sou jy waarskynlik 'n paar vae opmerkings as antwoorde kry. Toe taalstudie wegbeweeg het van die ondersoek na formele, geabstraheerde strukture, soos die sintaksis en morfologie, het taalkunde enersyds baie interessanter geword, maar ook ongelooflik gevarieerd. Die rede daarvoor is dat die uitgangspunt by laasgenoemde verskuif het vanaf taal as abstrakte strukture na taal as gebruik, soos dan ook in die publikasie van Carstens in Hoofstuk 1 beskryf word.

Die gevarieerdheid van taalstudie blyk ook uit die ontstaan van studierigtings soos die Pragmatiek, Diskoersanalise en Tekslinguistiek, wat in sekere opsigte oorvleuel, maar as gevolg van die verskillende perspektiewe op taalgebruik tog nie dieselfde is nie. Die probleem is verder dat selfs binne dié dissiplines uiteenlopende aannames en uitgangspunte bestaan wat dit vir die oningewyde baie moeilik maak om sin te maak uit die oerwoud van begrippe, uitgangspunte, perspektiewe en benaderings. Een van die probleme wat byvoorbeeld in die Pragmatiek ondervind word, is die afbakening tussen Pragmatiek en Semantiek. Met Tekslinguistiek is die afbakening teenoor ander dissiplines nie minder wesenlik nie. Omdat die onderwerp van studie by Tekslinguistiek die *teks* is, bestryk dit alle soorte tekste, dus ook literêre tekste wat die studieveld baie wyd maak, veral as die taalkunde daarvan beskryf moet word. Dit was dus dringend noodsaaklik vir die Afrikaanse taalondersoek dat iemand sin maak uit hierdie verwarring.

In *Tekslinguistiek* (547 bladsye) behandel Wannie Carstens in die bestek van 14 hoofstukke onderwerpe soos die volgende: wat tekslinguistiek behels, hoe die aandag verskuif het van 'n studie van die sin na 'n studie van die teks, hoe die

tekslinguistiek as vakgebied ontwikkel het, die verskil tussen begrippe soos tekslinguistiek en teksgrammatika, diskoersanalise en gespreksanalise, tekslinguistiek en pragmatiek. Die groot vraagstuk oor wat *teks* is, word uitvoerig bespreek en die probleme daaraan verbonde om dit eenvoudig te definieer lei tot 'n werksdefinisie van wat 'n teks is. Die beginsels van tekstualiteit, byvoorbeeld kohesie, koherensie, kontekstualiteit, en dies meer word in afsonderlike hoofstukke bespreek.

Uitstaande kenmerke van die werk kan soos volg saamgevat word:

- **Dit is 'n omvattende werk.** Hierdie publikasie is 'n volledige dekking van al die aspekte wat in die Tekslinguistiek voorrang geniet. Dit is ook 'n volledige dekking van al die belangrike figure wat bygedra het tot die ontwikkeling en uitbouing van Tekslinguistiek. Ek het veral waardering daarvoor dat alles wat in Afrikaans verskyn het, ook verreken word – óf in die bespreking óf in die verwysings daarna.
- **Dit is 'n deeglike stuk werk.** Nie alleen bestryk dit alle begrippe en uitgangspunte wat in die hedendaagse Tekslinguistiek aan die bod kom nie, maar dit gee ook blyke daarvan dat 'n gesoute akademikus hier aan die werk was. Die volledige verwysende voetnote asook die uitgebreide bronnelys van 47 bladsye getuig hiervan. Carstens is 'n deeglike taalkundige en die verskillende onderwerpe word wetenskaplik benader, deurdink en beskryf. 'n Hoë standaard van wetenskaplikheid word deurgaans gehandhaaf. Tog slaag hy daarin om uiters ingewikkelde stof eenvoudig en logies aan te bied.
- **Dit is 'n nuttige werk.** Dit is 'n eerlike poging om vir die oningeligte sowel as die ingeligte oorsigtelik die verskillende probleme en terme in die tekslinguistiek duidelik te maak. Daar word telkens in die teks volledige verwysings gegee van die belangrikste bronne waarin verder oor die betrokke tema gelees kan word. Dit maak die boek geskik vir gebruik deur voorgraadse studente, maar veral deur nagraadse studente wat hierin of een of ander verwante rigting belangstel en vinnig verby die ingewikkeldhede van oorvleuelende terminologie en uitgangspunte wil kom.
- **Dit is 'n inleidende werk.** Die strydpunte tussen verskillende uitgangspunte selfs binne die Tekslinguistiek word aangesny, maar uit die aard van die opset van die boek nie uitputtend bespreek nie sodat die oningewyde nie weer verdwaal tussen verskillende argumente nie. Dit slaag daarin om 'n moeilike terrein oop te dek en vir verskillende soorte lesers verstaanbaar en toeganklik te maak.

Die manuskrip is 'n mylpaal in die Afrikaanse taalkunde en kan in dieselfde asem genoem word as ander omvattende werke oor die Afrikaanse taalkunde, soos byvoorbeeld Ponelis se *Sintaksis* en De Stadler se *Semantiek*. Nuttige werke van hierdie gehalte is baie skaars in Afrikaans. Baie min taalkundiges het die tyd of die kennis om 'n fenomenale bron soos hierdie byeen te bring. 'n Mens moet Carstens gelukwens met die deeglikheid, omvattendheid en nuttigheid van die boek.

**G.J. van Jaarsveld**  
**Universiteit van die Vrystaat**





## Apartheid, liberalism and romance: A critical investigation of the writing of Joy Packer

Stotesbury, J.A. 1996. *Apartheid, liberalism and romance: A critical investigation of the writing of Joy Packer*. Uppsala, Sweden : Swedish Science Press. 547 p.

This book started life as a thesis on the work of Joy Packer, and from the author's Abstract one learns that "This is the first full-length study of the writing of the South African Joy Packer (1905-1977), whose 17 works of autobiography and romantic fiction were *primarily popular* [*my italics - ALC*]. Packer's writing, which appeared mainly between 1945 and 1977, blends popular narrative with contemporary social and political discourses ... Her subsequent production, ten popular novels and a further three volumes of memoirs, is notable for the density of its sociopolitical commentary on contemporary South Africa" (Abstract, preliminary to the book).

The writer has chosen a popular writer to comment on – one who is conspicuously absent from the substantial *Southern African Literatures* by Michael Chapman (Longman, 1996), and he chooses to situate her within the dilemma formulated by Dorothy Driver, "of the white woman writing within a colonial environment which compels her to adopt contradictory, ambivalent and oblique discursive stances and strategies" (Abstract to the book). He further typifies the works as politicised *romans a these*, and it is an interesting journey to pursue as he rereads Packer's fiction – somebody who is a contemporary of Nadine Gordimer, and who is yet relegated to an almost complete deafening silence within the South African canon, in spite of a fairly substantial oeuvre – and despite the fact that Packer's books "captured an impressively large readership for a period of some thirty years from the end of the Second World War, a readership which dispersed almost as swiftly as it appeared ... while it can now fairly be said that her work, for all its qualities, has made no detectable or lasting impact on the fabric of Western or, more specifically, South African

Cherry Clayton's observations on the value of the 'critical recovery of "lost" [South African] women authors, filling in a broader social and literary context for the most familiar names', an activity, she suggests, which helps to restore 'minor' authors and texts, and often *revises an explicit or implicit literary canon*" [*my italics*] (p. 3). It is probably most fruitful to read the present study with that perspective in mind, and in this the author succeeds very well in the academic sense of the word, as the study is meticulously documented and thoroughly researched, providing fascinating insights into the field of South Africa popular fiction, a collection of material not otherwise readily accessible to the student of this genre (and indeed more "serious" fiction in South Africa).

The study has as a motto two quotes – one from Gillian Slovo: "In a new South Africa the past will still live with us" (*The Betrayal*, 1991, London : Virago, p. 85) and from Nelson Mandela: "We must deny the past its attempt to enslave us" (as quoted by Hugo Young in *Altered State: South Africa 1990*, London: Fourth Estate, p. 31). This creates a further backdrop for Stotesbury's study of Packer, and Stotesbury completes it by placing it against Dorothy Driver's assertion that "in the British context women act as mediators between the classes; in the colonial context they mediate between the races" (p. 7) – and in the study of Packer's work this provides an interesting challenge, for Stotesbury maintains that because "Packer's fictional writing is also prefaced – rather than conventionally complemented and summarised – by a substantial quantity of autobiography serves to emphasize a further aspect of that stance, in that she insists on her ability and right as a woman to the conundrum of her white female self in an African colonial (and hence political) environment" (p. 7).

The study then traces with careful attention to detail the development in Packer's career from her being a memoirist to being a novelist (and he points out how this development was to a large extent contingent on the exigencies of being a colonial wife – "In 1953 ... she was no longer obliged to pack and follow her husband around the world, ... if she wished to continue writing [after having been a memoirist because of her access to Establishment figures through her husband's career moves – ALC] she would be obliged to find an alternative literary genre, and also an alternative platform for viewing the world around her" (p. 125). This led to the development of her novels, and within the popular genre for which she had a large and enthusiastic readership, she also went further, so that it could be asserted of her later fiction that "Packer was intent on creating a hybrid between the popular romance and the 'serious' protest novel becomes apparent once more in the final pages of [*The High Roof*]" (p. 177). What emerges from the analysis is the failure in one sense of Packer's project: "What emerges with increasing frequency from this analysis of her writing is the extent to which she underestimated the incompatibility of the two modes of discourse which her fiction repeatedly attempts but fails to wed: on the one hand, an idealised mode



of popular romance, ... and on the other hand, a politicised polemic that is fundamentally aware of its impotence in the face of the impending assault on its very existence by the 'invaders' from the north" (p. 187) – assaults on what Stotesbury calls "the constructs of a precarious colonial survival" (p. 187). He then concludes the study by averring that "the humane potential of Packer's liberalism ... was great, but the ideological contradictions and the discursive ambiguities, encoded in her chosen modes of writing reveal a world-view which, of necessity, remained essentially as it had started – the product of apprehension and insecurity in the face of a post-colonial future which in large measure could not be articulated for fear of losing an only too tenuous grasp on the past significance and present continuity of the historical moment of colonialism\* " (p. 219).

In summary, then, one might say of Stotesbury's rereading of Packer that it is a valuable assessment and placing of Packer within the wider context of South African writing, giving due consideration to her importance at the time as a popular novelist, pointing out with great clarity that she could not join the ranks of the great South African novelist, thus be "newly canonized" because of the discursive ambiguities that he points out in her work. One could thus conclude that while the book makes a valuable contribution to scholarship on South African writing, it would not be instrumental in reviving a popular readership for Joy Packer – but it does succeed in its objective of attempting to ensure that "a fuller awareness of Packer's writing will contribute to a filling-in of a 'broader social and literary context for the more familiar names'" [such as Paton, Gordimer, Millin, Rooke, Drummond, etc. – ALC] (p. 5).

**Annette L. Combrink**  
**Potchefstroom University for CHE**

---

\* The dust cover of the book could not be more "colonial" in the idealised garden setting, with the author in floral cotton cutting roses in the warm South African sun.